

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 156, Feb. 1981

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

## **TONGGIF**

*Jy mag geen valse getuienis  
teen jou naaste spreek nie*

*(Exodus 20:16)*

## **MOET MENS ALTYD**

### **DIE WAARHEID PRAAT?**

Vra die Here in die negende gebod van ons dat ons *onder alle omstandighede* 'n saak moet stel net soos dit is, sonder om 'n jota of tittel weg te laat of by te voeg?

Sê byvoorbeeld in 'n motorongeluk word 'n man gedood en sy vrou word ernstig beseer. Toe sy in die hospitaal haar bewussyn herwin, maar nog op die rand van die dood verkeer, vra sy na haar man. Moet die dokters en verpleegsters daar en dan vir haar die waarheid vertel en die risiko loop dat die skok haar ook laat sterf? Of mag hulle die indruk by haar skep dat hy nog lewe, terwyl die familie in werklikheid besig is met sy begrafnisreëlings?

Moet mens altyd die waarheid praat?

Moet iemand wat ongeneeslik siek is, dadelik in kennis gestel word dat daar geen hoop vir sy lewe is nie?

Die kankerpatiënt — moet hy weet of nie?

Miskien antwoord jy: Ja, die Here eis in die negende gebod dat ons nooit vals mag wees nie.

### **LEUENS EN DIE BYBEL?**

Maar dan sit jy tog met 'n probleem: In die Bybel is daar 'n hele paar voorbeelde van leuens wat die Here blykbaar toegelaat het — of wat Hy in elk geval ongestraf laat bly het.

Kom ek noem 'n paar sulke voorbeelde:

In Egipte het Faraó die vroedvroue beveel, as hulle die Joodse vroue help met 'n bevalling en dit is 'n manlike kind wat gebore word, dan moet die vroedvroue hierdie seuntjies doodmaak.

Maar die vroedvroue het God gevrees en nie gedoen soos die koning hulle beveel het nie. Toe die koning hulle voor stok kry, lieg hulle en sê: Die Hebreëuse vroue is sterk; voordat ons by hulle kom, het hulle al gebaar.

Dan lees ons in Exodus 1:20: "God het aan die vroedvroue weldadigheid bewys..." ondanks die feit dat hulle nie die waarheid gepraat het nie.

Ook Ragab word nêrens in die Bybel bestraf, omdat sy ter wille van die redding van die verspieders van 'n leuen gebruik maak nie. In Hebreërs 11:31 word sy selfs as 'n voorbeeld van 'n ware gelowige genoem.

Ook oor Migal, Dawid se eerste vrou, word geen oordeel uitgespreek nie, terwyl sy tog haar vader Saul vir die gek gehou het en daarby ook vir hom gelieg het. Gaan lees I Samuel 19 en jy sal sien hoe sy 'n pop in Dawid se bed gesit het en aan Saul se verspieders gesê het dat Dawid siek is. Sy lieg nog verder en sê: Dawid wou haar doodmaak.

Selfs die profeet Jeremia vertel in 'n sekere situasie 'n leuen en kom tog skotvry uit. Lees Jeremia 38. Daar spreek hy en koning Sedekia af om aan die vorste 'n leuen te vertel sodat Jeremia nie doodgemaak word nie.

Wie sê dat 'n mens altyd die waarheid móét praat. sit tog met die probleem van leuens in die Bybel.

Hoe moet n mens die negende gebod dan reg verstaan?

### **'N HALWE GEBOD.**

Die groot probleem lê daarby dat ons gewoonlik hierdie gebod *half* lees.

As ons in kort moet sê wat die negende gebod beteken. dan antwoord ons gewoonlik: Jy mag nie lieg nie.

Of positief gestel: Jy moet die waarheid praat. Jy moet dinge sê soos dit is. Jou woorde moet met die werklikheid in ooreenstemming wees.

Maar dit is nie al wat in die Tien Gebooie (Ex. 20) staan nie.

Wat tref jou as jy die omskrywing van die Bybel langs ons gebruiklike verklaring plaas.'

Natuurlik - die HERE bring "*jou naaste*" daarby. "Jy mag geen valse getuienis teen *jou naaste* spreek nie."

Dit is tog iets anders as wat ons van hierdie gebod gemaak het. Ons wil die gebod *verontpersoonlik*. Ons sê dit gaan oor die *saak*, die *feit*: Ek moet altyd die waarheid praat. God sê: nee, dit gaan nie oor die saak nie, maar oor *die persoon* — die persoon van jou naaste.

God maak van ons *onpersoonlike* gebod 'n *intiem-persoonlike* gebod: Jy mag jou naaste met jou woorde nie skade aandoen nie.

Jy is by verre nog nie 'n onderhouer van die negende gebod as jy daarop roem dat jy altyd presies sê hoe sake staan nie.

Dit gaan vir die Here in al die gebooie van die tweede tafel *om jou naaste*. Hy moet beskerm word. Jou *liefde* vir hom moet tot uitdrukking kom.

Nou verstaan jy ook waarom Jesus Christus kon sê: Liefde is die vervulling van die wet. Want as jy jou naaste waarlik liefhet, sal jy hom eer, hom nie doodslaan nie. nie sy vrou vat nie, nie sy besittings steel of begeer nie en *nie met jou woorde hom skade berokken nie*.

Daarom is dit begryplik waarom die straf op valse getuienis in die Ou Testament so swaar was - doodstraf. Wie sy naaste met sy woorde wou benadeel, staan 'n goeie kans om sy eie lewe te verloor.

Nou kan jy ook die positiewe eis van hierdie gebod verstaan: Dit gaan daarom dat ek my naaste met my getuienis moet *dien*. Ek moet sy lewensontplooiing met my woorde probeer aanhelp. Sy welsyn moet ek met my woorde probeer bevorder.

*Die liefde moet heers.*

Dit geld nie net van my getuienis in 'n hof nie, maar in my hele lewe moet ek met my woorde my naaste help.

Die liefde is groter as geloof en hoop, maar ook groter as die koue. harde waarheid.

Dit sou in die praktyk beteken dat jy jousef eers afvra: In watter situasie verkeer my naaste? Die vrou in die motorongeluk is *op daardie bepaalde* oomblik nie gereed vir die waarheid nie. Jy is nie ongehoorsaam aan hierdie gebod as jy ondanks haar toestand aan haar die waarheid vertel nie. Die waarheid sal moet kom wanneer die werklikheid waarin sy haar bevind, verander het.

Die kankerpatiënt - van hom sal ook eers gevra moet word: Is hy gereed vir die waarheid? Sal ek hom met die waarheid help, of benadeel. Hoe kan ek met my woorde sy verhouding tot God stimuleer? Hoe kan ek sy lewensontploffing as verlore in Christus aanhelp?

"Die grootste hiervan is die liefde."

In 'n huwelik sou dit beteken dat die een nie noodwendig alles van die ander weet nie. Jy sê: Dit klink nie reg nie. Maar dit is so! Die deurslaggewende vraag is: Sal die volle waarheid die liefdesgemeenskap in die huwelik skaad of aanhelp?

Die liefde bedek alles.

Die liefde raak in gedrang wanneer bepaalde dinge uit die verlede van een van die twee op die lappe sou kom.

Aan die ander kant: As die liefde dit vereis dat die vólle waarheid moet uitkom, dan moet jy praat, hoe pynlik dit ook al mag wees. Die waarheid is dan heilsaam.

In alle geval is dit duidelik dat tussen mense nie oor alles noodwendig gepraat moet word nie.

Voor God is dit natuurlik anders. Hy is die Kenner van hart en niere. Daar is niks voor Hom bedek nie. In jou skuldbelydenis voor Hom moet jy ook niks probeer bedek nie.

Jou liefde tot God vereis dit.

## **WAT IS WAARHEID?**

Uit dit alles sou ons die volgende definisie van waarheid kon gee: *Die waarheid is altyd waarheid vir 'n bepaalde mens in 'n konkrete situasie.*

Dit is nié God se bedoeling dat ons, deur die waarheid te praat, iemand anders ten gronde laat gaan nie.

Kan iemand wat so na hierdie goddelike eis tot naasteliefde kyk, nog roem dat hy altyd die waarheid praat en so die negende gebod onderhou?

Kan iemand wat die bedoeling van hierdie gebod begryp, nog heerlijk deelneem aan 'n geskinder?

Heers die liefde in jónu gesprekke? Of skep jy ook 'n behae daarin om óór die sonde van 'n ander te praat, in plaas van broederlik mét hom of haar?

Dit bring my by die ander vraag in jou gemoed: Is ek dan altyd geroepe om my naaste te beskerm al doen hy 'n verkeerde ding? Mag ek in 'n hof my naaste loslieg? Is alles dan geoorloof as dit om die liefde, lewe en behoud van my naaste gaan? Word die naaste nou die een en al?

Nog 'n vraag: Beteken hierdie siening van die negende gebod dat ons nie so ernstig en streng die waarheid moet betrag nie?

Nee, wie dit wil doen, het nog niks van die ware betekenis van God se eis begryp nie.

Kom ons neem weer 'n voorbeeld: Iemand het gesteel en jy moet in dié verband getuig. Jy weet hy is skuldig. Mag jy jou getuienis so lei dat jy die diefstal verbloem om sodoende jou medemens 'n paar jaar ongemaklike tronkstraf te spaar? Is jy dan getrou aan die liefdesgebod? Help jy jou medemens werklik? Maak jy jouself nie dan medeskuldig aan sy diefstal nie?

Jy voel vanself aan dat die negende gebod dit nie van ons eis nie. Dit sou juis tot die redding van jou naaste strek as jy sy sonde kan onthul. Deur die waarheid te praat, sal jy dan die liefde dien. Onthou: Liefde kan ook bestraffend en streng optree.

Wanneer jou naaste kwaad doen, hóéf jy nie sy dade goed te praat nie. Jou naaste en die werklikheid waarin hy hom bevind, moet onder oë geneem word en dan moet jy dienooreenkomstig optree.

### **BOTSING VAN PLIGTE.**

Daar kan egter 'n noodsituasie kom waarin pligte bots. Dan moet jy kies tussen ware hulp aan jou naaste of die waarheid praat. En dan dra die liefde vir jou naaste die grootste gewig. In die voorbeelde wat ek uit die Bybel genoem het, is dit die geval. Vir die vroedvroue het dit gegaan om die lewe van die Joodse seuntjies daarom die noodleuen. Vir Ragab het dit gegaan om die behoud van verspieders. Vir Migal om die behoud van Dawid. Vir Jeremia om sy voortbestaan as profeet van die Here.

Die beste maatstaf om in 'n noodsituasie aan te wend, is om jouself af te vra: Hoe kom die heerskappy van Jesus Christus die meeste tot sy reg: Deurdat ek formeel die waarheid praat en my naaste ten gronde laat gaan, of deurdat ek my naaste behou en daarby nie die waarheid praat nie?

Dit wil sê, die heerskappy van Christus soos dit uitkom in jou liefde - dié moet heers.

Ons lewe ongelukkig in 'n gebroke werklikheid waarin pligte soms bots.

Jy kan aan iemand vertel dat jy jou naaste 'n sonde sien doen het en dan praat jy heeltewel die waarheid, maar jy is ongehoorsaam aan die liefde wat die negende gebod vereis.

### **JESUS CHRISTUS EN DIE NEGENDE GEBOD.**

Het jy al daaraan gedink hoe Jesus Christus ook omrede van hierdie gebod vir jou gesterf het?

Die mense het soveel valse getuienis teen Hom, hul grootste Naaste, ingebring. Sonder leuens sou hulle dit nie kon regkry om Hom aan die kruishout te laat sterf nie.

Maar toe Hy uiteindelik uitroep: "Dit is volbring", sê Hy daarmee: Vader, Ek sterf vanweë die liefdeloosheid van my naaste, sodat U hulle sal liefhê tot in ewigheid en sodat die Heilige Gees hulle sal leer om U lief te hê bo alles en hul naaste soos hulself.

*Thinus du Plessis.*

# Die eie werke van die duiwel

Wanneer 'n mens leuens vertel, vergryp jy jou aan die hoogste waarheid. God is die hoogste Waarheid. Ons moet altyd die eer van die Here soek deur ook die waarheid lief te hê en uit te leef.

Kom ons kyk waar die waarheid en die leuen vandaan kom. Van die waarheid word gesê:

"As julle aan My woorde getrou bly,  
is julle waarlik my dissipels;  
en julle sal die waarheid ken,  
en die waarheid sal julle vrymaak" (Joh. 8: 31).

Van die leuen kan ons sê: Die duiwel is 'n leuenaar, self is hy die vader van die leuen. In die leuen het ons direk met die duiwel te doen en dit stel ons dan direk teenoor die Here en die waarheid. Daarom moet ons aan die duiwel geen plek in ons lewe gee nie.

## **Twee vrae kom hier na vore:**

1. Waarom praat ons by die leuen van die *eie werke* van die duiwel en dat ons aan hom geen plek in ons lewe moet gee nie? Moord en diefstal en die oortreding van al die ander gebooie gaan tog nie buite die duiwel om nie. Hy het daar alles mee te doen.

Ons kry op die vraag 'n antwoord as ons gaan kyk na Johannes 8: 44b; daar word van die duiwel die volgende gesê:

"Wanneer hy leuentaalkom praat,  
praat hy uit sy eie,  
omdat hy 'n leuenaar is  
en die vader daarvan."

Vader van die leuen beteken dat hy die maker van die leuen is; dit kom van hom en hy dra dit verder op mense oor.

Self het die duiwel die waarheid losgelaat. Die waarheid bestaan ook daarin dat hy 'n getroue dienaar van God was. Nou staan hy nie meer so in diens van God dat dit goed is vir die mens nie. Nou doen hy sy eie werk en rig dit op die mens.

In die Paradys het hy die sonde op die mens oorgeplant juis deurdat hy kenmerkend optree as die vader van die leuen. In die woorde van die mens was hy uiters geslepe. God het gesê:

„... want die dag as jy daarvan eet, sal jy *sekerlik sterwe* " (Gen. 2:17b).

Daarvan sê die duiwel egter:

"Julle sal *gewis nie sterwe nie*" Gen. 3:4).

Daar het ons die grootste leuen en die grootste leuenaar! Wat 'n ontnugtering moes dit nie vir die mens gewees het nie toe hulle sien dat die duiwel hulle verlei het! Doelbewus en gewetenloos het hy die mens verlei.

Wie nou die leuen gebruik, is besig om aan die duiwel 'n *vastrapplek* op 'n besondere wyse in sy lewe te gee, deurdat hy gebruik maak van die eie werke van die duiwel.

## **2. Dit bring ons by ons tweede vraag: Hoe kan ons die vader van die leuen uit ons lewe uitkry?**

Ons kan dit op twee maniere doen: Negatief en positief.

### **NEGATIEF:**

moet ons die stryd voer teen alle leuens. Dan moet ons nie die wit leuentjies oorslaan nie deur te sê dat dit klein is en daarom nie verkeerd nie.

Gaan kyk maar gerus in u lewe waar die leuen oral sy kop uitsteek. Dit sal u bring tot 'n ontnugterende ontdekking.

Ons maak ons skuldig aan die leuen deur moedswillig verkeerde dinge te sê of om oor sekere sake te swyg of om sake nie in die regte lig te stel nie.

Ons moet die leuen beveg, omdat dit die waarheid van God ontken. En die waarheid van God beteken vir die mens die redding deur Jesus Christus.

### **POSITIEF:**

Satan met sy leuen kan ook *positief in ons lewens geweer word deur die waarheid lief te hê* in die krag van Christus wat self die waarheid is.

Hom moet ons dien as ons Redder, die Verlosser wat van God kom en wat ons vrymaak van die leuen wat ons andersins aan die duiwel bind.

En dit vra van ons ware navolging wat nie bestaan uit 'n haastige opwelling van die gemoed nie, maar 'n lewe van geloof. Dit is 'n lewe gewortel in God se Woord:

U Woord is die Waarheid!

En om in God se Woord te bly, is om Hom te bly aanvaar as die Messias en uit Sy Woord voortdurend krag te put vir die groeiende geloofs- en lewensontploffing. So sal ons die eie werke van die duiwel onder die onfeilbare leiding van die Heilige Gees suksesvol kan bestry.

*Gideon du Plessis.*

## **'n Klein werktuigie:**

## **GROOT VERWOESTING**

Ons tong is maar 'n klein deeltjie van ons liggaam en tog kan dit 'n groot verwoesting aanrig. Ons tong het te doen met dit wat ons praat en juis hieroor vra ons: Wat maak ons met hierdie mooi gawe wat God aan ons gegee het om te kan praat?

Dit wat in ons hart lewe, kry vorm deur ons woorde en daede. So word dit dan bekend wat in ons hart aangaan.

In elke mens se mond is daar 'n tong, normaalweg nie te groot in vergelyking met ons liggaam nie. Dit wat die tong doen, het groot gevolge vir die res van die liggaam. Daarom is dit nie 'n onverskillige saak wat 'n mens praat nie.

Woorde het mag en selfs die kleinste woordjie, al lyk dit ook so gering, kan die loop van die wêreld verander.

Die Heilige Skrif vergelyk die tong van die mens met die toom in die bek van 'n perd en met die roer van 'n skip en met 'n klein vlammetjie wat kan lei tot 'n groot vuur.

Met 'n haas onopmerkbare trek aan die teuels beweeg die stang in die perd se bek en word hy gestuur in die verlangde rigting.

Met 'n enkele draai van die skip se roer beweeg die groot kolos van sy koers af weg.

Met 'n klein vuurhoutjie kan 'n hele bos uitgewis word.

Net soos die stang, die roer en die vlammetjie, is die tong van die mens: Net een enkele dwase woordjie kan 'n hele familie, 'n ganse vriendekring of die mensdom in haatvlamme omskep.

Dit is seker die enigste werktuig wat deur die gebruik nie stomper word nie. maar steeds skerper. Aanmerklik is die krag van hierdie klein lid, die tong. Met weinig inspanning kan die klein liggaamsdeeltjie groot rampe veroorsaak.

Hoeveel "brande" het ons miskien nie al aangesteek met ons tong nie? Een goedgeмикte vonkie deur die duiwel aangesteek. het in die Paradys die ganse menslike lewe in vlamme laat opgaan. So groot is die brand dat dit in ewigheid nie weer geblus word nie. Dit blyk 'n poel van ellende.

En die tragiese daarvan is dat dit juis deur die mens oor hierdie wêreld ontketen is deur die boosheid van sy eie hart en die ingewing van die duiwel. En die mens is die kroon van die skepping. Dit kom juis onder andere na vore in die taal van die mens. Juis in dit wat die mens kan doen bo die ander skepsele, daar ontspoor die mens.

### **ONS MODEWOORD - 'N DEKMANTEL VIR ONGERECHTIGHEID.**

In ons tyd het die woord *dialog* (gespreksvoering) 'n modewoord geword. Die tong moet eerder werk as die vuurwapen om vrede te bewerkstellig.

Maar wat 'n wêreld van leuens lê nie ook hier nie; 'n wêreld van ongerechtigheid. Beleef ons nie juis op hierdie terrein die "goue jare" van die leuen nie, want dit word soos die evangelie geglo.

Ons kan ons lewe in 'n sekere sin vergelyk met 'n fontein. Van diep onder die aarde uit borrel die water. Eers as die water bo uitkom, kan ons sê hoe dit met die bron gesteld is.

Elke lewe het ook sy verborge dieptes wat die medemens nie kan peil nie. Ons kan maar net dit peil wat ons kan sien en dit is wat iemand sê. Sy woorde openbaar wat in sy hart leef.

Nooit mag ons vrye teuels gee aan ons gedagtes en woorde nie. Hierin moet die gelowige van die fontein verskil, want ons moet ons gedagtes en woorde onder die "rem" van die geloof plaas.



Die tong word nie so maklik moeg van praat nie, maar meer as iets anders moet ons die tong bewaar.

"Hy wat sy mond en tong bewaar,  
bewaar sy siel vir benoudhede" (Spr. 21: 23).

Die tong, so 'n klein werktuigie, kan so 'n groot verwoesting aanrig. Maar aan die ander kant kan die tong van die gelowige ontsaglik baie seën meebring.

*Gideon du Plessis.*

## Die Voorbeeld van die Natuur

Een van die eerste woorde van 'n mens nadat die mens uit die Paradys gejaag is, was 'n leuen. Die leuen van Kain wat sy broer doodgeslaan het. En later sê Christus dat daar tot op die laaste dag voor God nog diegene sal wees wat met leuens hulle wil verontskuldig (Mat. 25: 24, 25).

So oorspan die gif van die tong en die vuur van die lippe die hele wêreldgeskiedenis - van Kain tot met die oordeelsdag. En tussenin lê die puinhoop van die tong — gebroke families, huwelike en vriendskappe.

### **DIE VERRASSING VAN PSALM 19.**

Die natuur laat ons kop in skaamte sak, want watter pragtige voorbeeld stel die natuur nie vir ons nie. Dit is eintlik 'n skokkende waarheid, 'n aanklag teen die mens wat beheersers van die natuur moet wees.

Dit was Dawid wat Psalm 19 gedig het. Hy wat as jong seun dikwels skape opgepas het, het 'n lied sonder woorde, 'n boodskap sonder 'n stem en 'n taal sonder tweeslagtigheid gehoor. Dit is die lied en die taal van die natuur.

Die nag wat sing...

van God se mag. Die sterre vertel van die heerlijkheid van God en die grootheid van die hemelruim fluister van God se krag.

Die dag wat sing...

van orde en harmonie, want die een dag volg die ander dag klokslag op. Elke dag volg die son soos 'n stralende bruidegom sy vaste baan van oos na wes. Nie een dag word oorgeslaan nie.

Dit is asof die natuur wil sê: By ons is daar nie tweeslagtigheid, valse note en dubbele standaarde nie. Ons sing 'n skeppingskoor sonder 'n gesplete tong. En dan, wat 'n kontras!

Net ses verse verder moet Dawid vir sy tong bid: "Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here..." (vs. 1-5). Die natuur sing tot eer van God, maar Dawid as mens moet bid: Laat my woorde tog nie leuens en lastering wees nie. Maak my taal ook 'n taal van harmonie en eenheid. Maak my as mens tog nie 'n vals noot in U skepping nie.

### **OOK VYEBOOM EN FONTEINE.**

In die Jakobusbrief hou Jakobus ook vir ons die natuur as voorbeeld voor. Die mense aan wie Jakobus skrywe, kon so baie praat en dan het hulle met hulle baie gepraat hulle ook nog skuldig gemaak aan dubbelhartigheid. Met hulle mond het hulle God geloof om dan maar net

weer daarna hulle naaste te vloek. Uit dieselfde mond kom dus seën en vervloeking, waarheid en leuens.

Dit kan tog nie so wees nie, sê Jakobus.

Kyk net na 'n fontein. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en brak water opborrel nie. Nee, daar is eerlikheid, daar is konsekwentheid en harmonie. Net so dra 'n vyeboom nie nou vye en later weer olywe nie.

Voel jy nie ook skaam nie?

Die natuur sing in 'n koor van harmonie en ons tong bring tweedrag. Die skepping besing altyd die eer van God en by ons is daar soms die lieg en die bedrieg, die vloek en die skinder. Hoe anders moes dit eintlik nie gewees het nie. Die mens moes die voorbeeld stel, en nou gaan die natuur ons voor in voorbeeld.

### **DIE ANTWOORD.**

Volg die voorbeeld van die natuur. Laat jou "ja" ja wees en jou "nee" nee. Bou jou lewe op die waarheid. Maar hoe kan dit só wees? In Spreuke lees ons: "Die mond van die regverdige is 'n fontein van lewe" (Spr. 10:11). 'n Fontein wat net soet water gee.

Wie is die regverdige? Hy wat in die geloof na Christus, die Verlosser, kom. Jesus, wat ook jou tongskuld betaal het, want in sy mond is geen bedrog gevind nie; en toe Hy uitgeskel is, het Hy nie terug uitgeskel nie. Hy vergewe, maar gee ook sy Gees om ons monde fonteine van soet water te maak.

*Ds. Kobus van der Walt.*

## ***Hoe Jesus gevolg moet word***

Is jy ook een van daardie mense wat die geloofslewe nog altyd uitgestel het? Jy is nie téén godsdiens nie. Alleen maar: Jy sal eers later in jou lewe daaraan aandag skenk. Eers bietjie ouer word; eers vorder in jou betrekking; eers die lewe geniet; eers jou kinders grootmaak; eers ryk word.

Weet jy, daar is in die Bybel 'n voorbeeld van iemand wat, soos jy, vir die Here uitstel gevra het? "Here, ek sal U volg, maar laat my eers toe om afskeid te neem van dié wat in my huis is" (Luk. 6:61). Hy was nie téén Jesus Christus nie. Inteendeel, hy was baie beïndruk deur die Persoon en werk van Jesus Christus.

Hy het aangevoel dat hy hierdie Verlosser moet volg. Hy het, soos jy, besef: Een of ander tyd sal ek aan hierdie saak aandag moet skenk. Maar terselfdertyd het sy hart ook met 'n punt getrek na ander dinge: Sy huis, sy familie, sy plaas, sy ploë, ensovoorts. Blykbaar 'n boer, kan mens aflei uit Jesus se antwoord in verband met ploeg.

Elkeen wat op 'n plaas grootgeword het, weet hoe swaar dit is om afskeid te neem van die dierbare, ryk aarde.

Hierdie man sê: Ek sal Jesus volg, maar ... nog net een keer terug huis toe om afskeid te neem. Net een keer. Eers tuis groet — dan agter Jesus aan. Eers myself losskeur van geliefdes en geliefde dinge.

Maar weet jy hoe sou hy dan agter Jesus aanloop? As 'n man met 'n verskeurde hart. Hy sou Jesus volg, maar altyd bewus van die groot offer wat hy moes bring; altyd vol heimwee; altyd omkykend na sy huis en grond wat hy agter moes laat; 'n mens wat gou-gou stilweg homself op die skouer gaan klof oor sy goeie verdienste dat hy tog agter Jesus aangegaan het.

Wat het hy nie alles opgeoffer nie: 'n Mens vol selfbejammering.

Maar so 'n mens wil Jesus in sy koninkryk nie agter hom hê nie. Hy het die *blymoedige* gewer lief, een wat sy hele hart, sy hele siel, al sy verstand, al sy krag en al sy goed in diens stel van sy Heiland; een wat vol vreugde bely: Ek, met alles wat ek besit, behoort aan die Here. My eiendom is maar in bruikleen aan my gegee. Ek was nog altyd maar net 'n bestuurder oor alles. Die ware Eienaar kan opeis wanneer en hoe Hy wil.

Jesus sê dat iemand wat aanhoudend agtertoe kyk, nie goed kan ploeg nie. Hy gaan skewe vore trek. So is elkeen wat aanhoudend omkyk na wat hy alles moes prysgee, nie geskik vir arbeid in die koninkryk van God nie. "Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die Koninkryk van God nie" (Luk. 9:62).

Niemand ... in die algemeen. En daarmee plaas Hy jou en my voor die beslissing. Wat sal jou en my reaksie wees? Wat was ons reaksie tot nou toe op die roepstem van die Here: Volg My? Was dit: Ek volg, Here, maar kyk tog hoe baie dinge het ek nie ter wille van U agtergelaat nie. Ek kan myself gerus op die skouer klof. Ek kon ryk gewees het ... as ek nie 'n Christen was nie. Ek kon gewild gewees het. Ek kon die lewe geniet het. Ja, ek slaan my hand aan die ploeg, maar ek kan maar nie my oë afwend van dit wat ek moes prysgee nie.

Intussen trek ons skewe vore in Gods koninkryk. Dit vorder nie eintlik in ons geloofslewe nie. Ons gebede is wel daar, maar hulle is so hol. Ons Bybellees — 'n gewoonte. Ons kerkgang — 'n nare plig. Skewe vore! Swak ploërs! Omdat ons met verdeelde en verskeurde harte Jesus wil volg.

Jesus vra *onverdeelde selfoorgawe*. Met die hand aan die ploeg. Die oog op die ewige, heerlike en volkome toekoms. Die hart volg met gebed na God in die hemel. Altyd voorwaarts. Alleen dan kan ons reguit vore trek op hierdie wêreldakker.

Jy vra: Hoe kan ek? Is daar 'n mens wat werklik só kan leef? Onthou dan die werkwoord hier is "volg" — om Jesus Christus te "volg". Dit beteken jy loop agter Hom aan wat reeds vir jou die pad oopgemaak het.

Dis Hy wat roep: Volg My. En Hy wat roep, is ook getrou om die krag te gee. "Volg" beteken: Hier is ek Here, ek wil agter U aan. Maar U ken ook my swakheid. Gryp tog albei my hande. Trek my. Lei my.

*Thinus du Plessis.*

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.